"consumer" shall mean a person to whom or for whose benefit services are supplied, made available or provided, whether or not such services are utilised, and if there is no such person, the holder;

"holder" shall mean a person to whom a site, dwelling, building or other structure has been allocated, the holder of a right of leasehold or a person who with the approval of the Minister of Co-operation, Development and Education has entered into an agreement or transaction for the acquistion of land or a site or of a right to or an interest in land or a site;

WANBETALING VAN BEDRAE

17. Indien enigeen versuim om enige bedrag, wat ingevolge hierdie verordeninge betaalbaar is, te betaal binne 30 dae nadat sodanige betaling verskuldig raak, kan die Stadsraad sonder benadeling van enige ander regsmiddel tot sy beskikking—

(a) enige of alle dienste aan die betrokke houer of verbruiker staak totdat alle uitstaande bedrae ten volle betaal is;

(b) enige regstappe doen wat nodig mag wees om die agterstallige bedrae te verhaal;

(c) van sodanige persoon enige koste aangegaan vir die invordering van die agterstallige bedrae verhaal.

HERROEPING EN VOORBEHOUDE

18. (1) Die bepalings van hierdie verordening vervang alle ooreenstemmende bepalings van 'n vorige regulasie, wet, verordening of maatreël van toepassing in die gebied van die Stadsraad.

(2) Niks in hierdie verordening vervat, onthef enige persoon van aanspreeklikheid vir die betaling van enige gelde of verhoed dat stappe kragtens wet gedoen word as gevolg van versuim om sodanige betaling te maak nie.

No. 1985 **6 September 1985**

DORPSBESTUUR VAN LINGELIHLE.—VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VORDERING VAN BEDRAE VIR DIENSTE, DIE GEBRUIK VAN FASILITEITE EN VERBANDHOUDENDE AANGELEENTHEDE

Ek, Samuel Johannes de Beer, Adjunk-minister van Onderwys en Samewerking, handelende namens en in opdrag van die Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys, heg hierby, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 27 van die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982 (Wet 102 van 1982), my goedkeuring aan die verordeninge van die Dorpsbestuur van Lingelihle vervat in bygaande Bylae, welke verordeninge op die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

S. J. DE BEER,

Adjunk-minister van Onderwys en Samewerking.

(Lêer A2/17/8/21/L56)

BYLAE

DORPSBESTUUR VAN LINGELIHLE.—VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VORDERING VAN BEDRAE VIR DIENSTE, DIE GEBRUIK VAN FASILITEITE EN VERBANDHOUDENDE AANGELEENTHEDE

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie verordeninge, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

"diverse dienstegelde" bedrae ter bestryding van koste of uitgawe met betrekking tot dienste deur die Dorpsbestuur voorsien of verskaf;

"dorp" die regsgebied van die Dorpsbestuur;

"Dorpsbestuur" die Dorpsbestuur van Lingelihle ingestel by Goewermentskennisgewing 2048 van 16 September 1983 en, met betrekking tot enige handeling wat verrig is of verrig moet word, sluit dit die toepaslike departement of persoon in diens van die Dorpsbestuur in;

"houer" 'n persoon aan wie 'n perseel, woning, gebou of ander bouwerk toegewys is, die houer van 'n reg van huurpag of iemand wat met die goedkeuring van die

"miscellaneous services charges" shall mean an amount to defray costs and expenditure in respect of services provided or supplied by the Village Council;

"site" shall include a dwelling, building or other structure;

"village" shall mean the area of jurisdiction of the Village Council; and

"Village Council" shall mean the Village Council of Lingelihle established by Government Notice 2048 of 16 September 1983 and, in relation to anything done or to be done, shall include the appropriate department or person in the service of the Village Council.

MISCELLANEOUS SERVICES CHARGES

2. (1) The holder shall pay to the Village Council the appropriate miscellaneous services charge as set forth hereunder in respect of each site of which he is the holder for each month or part thereof:

Type of site	*Amount payable* R
(a) Residential site with bucket system	25,96
(b) Temporary residential site with temporary house	10,00
(c) Consolidated residential site	36,99
(d) Church site with bucket system	11,36
(e) Brickmakers site	43,96
(f) Office block	55,63
(g) Trading site on which the building was erected or aquired by someone other than the holder and which has been allocated for the practice of a business, including sorghum beer trading	32,65
(h) Trading site on which the building was erected or acquired by the holder for purposes of—	
(i) a butchery	39,90
(ii) a service station	47,81
(iii) a fresh produce market	32,35
(iv) trade in liquor, on and off consumption	138,32
(v) a supermarket	39,45
(vi) any light industry	34,65

(2) The lodger of a holder shall pay the miscellaneous services charge as set forth hereunder to the Village Council for the site on which he lodges for every month or part thereof:

Type of lodger	*Amount payable* R
(a) A husband or wife with dependants	25,96
(b) A single parent with dependants	12,98
(c) Single persons	5,00

ELECTRICITY CHARGES

3. A consumer shall pay to the Village Council in respect of each site which is connected to the Village Council's main electricity supply system a fixed amount of R8 per month or part thereof, whether or not electricity was available or consumed, plus an amount calculated in accordance with the table below for each kW.h or kVA, as the case may be, supplied since the previous meter reading:

	Single-phase supply	*Three-phase supply*
(a) Per kW.h	8c	8c
(b) Per kVA	—	R13,20

WATER CHARGES

4. All consumers shall pay to the Village Council a fixed amount of R4,00, which amount includes the first 5 kℓ consumed, per month or part thereof in respect of every site connected to the Village Council's main water supply system, plus an amount of 35c per kℓ supplied thereafter.

ACCOMMODATION CHARGES

5. Every resident of a hostel shall pay in advance to the Village Council an amount of R6,49 per bed per month or part thereof.

Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys 'n ooreenkoms of transaksie aangegaan het vir die verkryging van grond of 'n perseel of van 'n reg op of 'n belang in grond of 'n perseel;

"perseel" ook 'n woning, gebou of ander bouwerk; en

"verbruiker" 'n persoon aan wie of tot wie se voordeel dienste gelewer, beskikbaar gestel of verskaf word, ongeag of sodanige dienste benut word al dan nie, en by ontstentenis van so 'n persoon, die houer.

DIVERSE DIENSTEGELDE

2. (1) Die houer betaal aan die Dorpsbestuur die toepaslike diverse dienstegelde soos hieronder uiteengesit ten opsigte van elke perseel waarvan hy die houer is vir elke maand of gedeelte daarvan:

Tipe perseel	*Bedrag betaalbaar* R
(a) Woonperseel met emmerstelsel	25,96
(b) Tydelike woonperseel met 'n tydelike woning	10,00
(c) Gekonsolideerde woonperseel	36,99
(d) Kerkperseel met emmerstelsel	11,36
(e) Steenmakersperseel	43,96
(f) Kantoorkompleks	55,63
(g) Handelsperseel waarop die gebou deur iemand anders as die houer opgerig of verkry is en wat toegewys is vir die dryf van 'n sakeonderneming, insluitende die handel in sorghumbier	32,65
(h) Handelsperseel waarop die gebou deur die houer opgerig of verkry is vir die doel van—	
(i) 'n slaghuis	39,90
(ii) diensstasie	47,81
(iii) 'n varsproduktemark	32,35
(iv) drankhandel, binne- en buiteverbruik	138,32
(v) 'n selfbedieningswinkel	39,45
(vi) enige ligte industrie	34,65

(2) Die loseerder van 'n houer betaal aan die Dorpsbestuur die diverse-dienstegeld hieronder uiteengesit vir die perseel waarop hy inwoon vir elke maand of gedeelte daarvan:

Tipe loseerder	*Bedrag betaalbaar* R
(a) 'n Man of vrou met afhanklikes	25,96
(b) 'n Enkelouer met afhanklikes	12,98
(c) Enkellopende persone	5,00

ELEKTRISITEITSGELDE

3. 'n Verbruiker betaal aan die Dorpsbestuur ten opsigte van elke perseel wat by die Dorpsbestuur se hoofelektrisiteitstoevoerleiding aangesluit is, 'n vasgestelde bedrag van R8 per maand of gedeelte daarvan, hetsy elektrisiteit beskikbaar of verbruik is al dan nie, plus 'n bedrag bereken in ooreenstemming met onderstaande tabel vir elke kW.h of kVA, na gelang van die geval, verbruik sedert die vorige meteraflesing:

	Enkelfasige toevoer	*Driefasige toevoer*
(a) Per kW.h	8c	8c
(b) Per kVA	—	R13,20

WATERGELDE

4. Alle verbruikers betaal aan die Dorpsbestuur 'n vasgestelde bedrag van R4, welke bedrag die eerste 5 kℓ verbruik insluit, per maand of gedeelte daarvan, ten opsigte van elke perseel wat by die Dorpsbestuur se hoofwatertoevoerleiding aangesluit is, plus 'n bedrag van 35c per kℓ daarna gelewer.

HUISVESTINGSGELDE

5. Elke inwoner van 'n tehuis betaal vooruit aan die Dorpsbestuur 'n bedrag van R6,49 per bed per maand of gedeelte daarvan.

COMMUNITY HALL

6. The applicable amounts set forth hereunder shall be payable in advance to the Village Council by any person who applies for the use of the community hall.

Purpose	Time	Tariff	Deposit
		R	R
(a) Film shows, concerts and stage productions:			
(i) Local groups	10h00–17h00	50,00	50,00
	19h30–24h00	50,00	
(ii) Visiting groups	10h00–17h00	50,00	50,00
	19h30–24h00	50,00	
(b) Training sessions and rehearsals:			
(i) Local groups	10h00–17h00	10,00	15,00
	19h30–24h00	10,00	
(ii) Visiting groups	10h00–17h00	10,00	15,00
	19h30–24h00	10,00	
(c) Dances:			
(i) Local groups	10h00–17h00	50,00	50,00
	19h30–24h00	50,00	
(ii) Visiting groups	10h00–17h00	50,00	50,00
	19h30–24h00	50,00	
(d) Weddings, bazaars and social functions	10h00–17h00	5,00	15,00
	18h00–24h00	10,00	
(e) Funcitons in aid of charity	10h00–17h00	4,00	15,00
	19h30–24h00	5,00	
(f) Meetings other than political meetings and exhibitions	09h00–13h00	10,00	15,00
	13h00–17h00	10,00	
	19h00–24h00	10,00	
(g) Church services	10h00–17h00	5,00	15,00
	17h00–24h00	5,00	
(h) Political meetings	09h00–13h00	50,00	50,00
	13h00–17h00	50,00	
	19h00–24h00	50,00	
(i) Use of kitchen and canteen facilities: Per booking		5,00	—
(j) Hire of public address system: Per booking		10,00	50,00
(k) Hire of piano: Per booking		10,00	50,00

RECREATION GROUNDS

7. The applicable amount set forth hereunder shall be payable in advance to the Village Council by any person applying for the use of a recreation ground:

Facility	Tariff	Deposit
	R	R
(a) Netball courts:		
(i) Clubs:		
Per year	25,00	10,00
Per day per court	1,00	—
(ii) Non-club members:		
Per hour	5,00	10,00
(b) Tennis courts:		
(i) Clubs:		
Per year	10,00	10,00
Per day per court for tournaments	1,00	—
(ii) Non-club members Per court per day	5,00	10,00

CEMETERY CHARGES

8. (1) The applicable amount set forth hereunder shall be payable in advance to the Village Council by any person applying for the service concerned:

(a) Where the digging of the grave is not undertaken by the Village Council and the interment is that of the body of a person who at the time of his death—

(aa) was a resident of the village:

	R
(i) Adult	5,00
(ii) Child	3,00

GEMEENSKAPSAAL

6. Die toepaslike bedrae hieronder uiteengesit, is vooruit betaalbaar aan die Dorpsbestuur deur elke applikant wat om die gebruik van die gemeenskapsaal aansoek doen:

Doel	Tyd	Tarief	Deposito
		R	R
(a) Rolprentvertonings, konserte en verhoogopvoerings:			
(i) Plaaslike groepe	10h00–17h00	50,00	50,00
	19h30–24h00	50,00	
(ii) Besoekende groepe	10h00–17h00	50,00	50,00
	19h30–24h00	50,00	
(b) Onderrigklasse en repetisies:			
(i) Plaaslike groepe	10h00–17h00	10,00	15,00
	19h30–24h00	10,00	
(ii) Besoekende groepe	10h00–17h00	10,00	15,00
	19h30–24h00	10,00	
(c) Danse:			
(i) Plaaslike groepe	10h00–17h00	50,00	50,00
	19h30–24h00	50,00	
(ii) Besoekende groepe	10h00–17h00	50,00	50,00
	19h30–24h00	50,00	
(d) Troues, basaars en sosiale funksies	10h00–17h00	5,00	15,00
	19h30–24h00	10,00	
(e) Funksies ten behoewe van liefdadigheid	10h00–17h00	4,00	15,00
	19h30–24h00	5,00	
(f) Vergaderings (uitgesonderd tentoonstellings en politieke vergaderings	09h00–13h00	10,00	15,00
	13h00–17h00	10,00	
	19h00–24h00	10,00	
(g) Kerkdienste	10h00–17h00	5,00	15,00
	17h00–24h00	5,00	
(h) Politieke vergaderings	09h00–13h00	50,00	50,00
	13h00–17h00	50,00	
	19h00–24h00	50,00	
(i) Gebruik van kombuis- en kantienfasiliteite: Per bespreking		5,00	—
(j) Huur van openbare luidsprekerstelsel: Per bespreking		10,00	50,00
(k) Huur van klavier: Per bespreking		10,00	50,00

ONTSPANNINGSTERREINE

7. Die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit, is aan die Dorpsbestuur vooruit betaalbaar deur elke applikant wat om die gebruik van 'n ontspanningsterrein aansoek doen:

Fasiliteit	Tarief	Deposito
	R	R
(a) Netbalbaan:		
(i) Klubs:		
Per jaar	25,00	10,00
Per dag per baan	1,00	—
(ii) Nie-klublede:		
Per uur	5,00	10,00
(b) Tennisbane:		
(i) Klubs:		
Per jaar	10,00	10,00
Per dag per baan vir toernooie	1,00	—
(ii) Nie-klublede:		
Per baan per dag	5,00	10,00

BEGRAAFPLAASGELDE

8. (1) Die toepaslike bedrag hieronder uiteengesit, is aan die Dorpsbestuur vooruit betaalbaar deur elke applikant wat om die diens aansoek doen:

(a) Waar die grawe van die graf nie deur die Dorpsbestuur onderneem word nie en dit 'n teraardebestelling van die lyk van iemand is wat ten tye van sy dood—

(aa) 'n inwoner van die dorp was:

	R
(i) Volwassene	5,00
(ii) Kind	3,00

(bb) was not a resident of the village:	R
(i) Adult	13,00
(ii) Child	9,00

(b) Where the digging of the grave is undertaken by the Village Council and the interment is that of the body of a person who at the time of his death—

(aa) was a resident of the village:	R
(i) Adult	12,00
(ii) Child	7,00
(bb) was not a resident of the village:	
(i) Adult	22,00
(ii) Child	14,00

(c) A supervision charge of R7,00 shall be payable in addition to the charges mentioned under (2) and (3).

(d) Exhumation of bodies and opening of graves:

	R
(i) Adult	12,00
(ii) Child	8,00

(2) For purposes of this regulation "adult" shall mean a person who at the time of his death was above the age of 12 years and "child" shall mean a person who at the time of his death was 12 years old or younger.

TRADING PERMIT CHARGES

9. Any person other than a holder or a resident of the village who enters the village for the purpose of trading therein shall pay in advance to the Village Council the applicable amount set forth hereunder for the availability of services provided by the Village Council:

Period	*Amount* R
(a) Per day	0,75
(b) Per month	4,50
(c) Per six months	7,00
(d) Per year	15,00

DUPLICATE DOCUMENTS

10. Any person applying for a duplicate document shall on application pay to the Village Council an amount of R2 for each such duplicate document issued by the Village Council.

DATE AND PLACE OF PAYMENT

11. (1) Any amount payable to the Village Council under these by-laws shall be paid during normal office hours at an office of the Village Council set aside for this purpose.

(2) Save as is otherwise provided in these by-laws any amount payable under these by-laws shall be paid on or before the seventh day of the month following the date of commencement of these by-laws and shall thereafter be paid on or before the seventh day of each succeeding month.

NON-PAYMENT OF CHARGES

12. Should any person fail to pay any amount payable under these by-laws within 30 days after such amount has become due, the Village Council may, without prejudice to any other legal remedy at its disposal—

(a) discontinue any or all services to such holder or consumer until all outstanding amounts have been paid in full;

(b) take such legal action as may be necessary to recover such amounts in arrears;

(c) recover from such person any costs incurred in the collection of such arrear amounts.

(bb) nie 'n inwoner van die dorp was nie:	R
(i) Volwassene	13,00
(ii) Kind	9,00

(b) Waar die grawe van die graf deur die Dorpsbestuur onderneem word en dit 'n teraardebestelling van die lyk van iemand is wat ten tye van sy dood—

	R
(aa) 'n inwoner van die dorp was:	
(i) Volwassene	12,00
(ii) Kind	7,00
(bb) nie 'n inwoner van die dorp was nie:	
(i) Volwassene	22,00
(ii) Kind	14,00

(c) 'n Toesiggeld van R7 is betaalbaar bo en behalwe die gelde onder (2) en (3) vermeld.

(d) Opgrawing van lyke en oopmaak van grafte:

	R
(i) Volwassene	12,00
(ii) Kind	8,00

(2) By die toepassing van hierdie regulasies beteken "volwassene" iemand wat ten tye van sy dood bo die ouderdom van 12 jaar was, en beteken "kind" iemand wat ten tye van sy dood 12 jaar oud of jonger was.

HANDELSPERMITGELDE

9. Enige iemand, behalwe 'n houer of inwoner van die dorp, wat die dorp binnekom met die doel om daarin handel te dryf, betaal vooruit aan die Dorpsbestuur die toepaslike bedrag hierna vermeld vir die beskikbaarheid van dienste verskaf deur die Dorpsbestuur:

Tydperk	*Bedrag* R
(a) Per dag	0,75
(b) Per maand	4,50
(c) Per ses maande	7,00
(d) Per jaar	15,00

DUPLIKAATDOKUMENTE

10. Iemand wat om 'n duplikaatdokument aansoek doen, betaal by aansoek aan die Dorpsbestuur 'n bedrag van R2 vir elke duplikaatdokument deur die Dorpsbestuur uitgereik.

DATUM EN PLEK VAN BETALING

11. (1) Enige bedrag betaalbaar aan die Dorpsbestuur kragtens hierdie verordeninge, word betaal gedurende normale kantoorure by 'n kantoor van die Dorpsbestuur wat vir dié doel afgesonder is.

(2) Behalwe waar anders in hierdie verordeninge bepaal, word enige bedrag betaalbaar kragtens hierdie verordeninge, betaal voor of op die sewende dag van die maand wat volg op die datum van inwerkingtreding van hierdie verordeninge, en daarna voor of op die sewende dag van elke daaropvolgende maand.

WANBETALING VAN BEDRAE

12. Indien enigeen versuim om enige bedrag, wat ingevolge hierdie verordeninge betaalbaar is, te betaal binne 30 dae nadat sodanige betaling verskuldig raak, kan die Dorpsbestuur, sonder benadeling van enige ander regsmiddel tot sy beskikking—

(a) enige of alle dienste aan die betrokke houer of verbruiker staak totdat alle uitstaande bedrae ten volle betaal is;

(b) enige regstappe doen wat nodig mag wees om die agterstallige bedrae te verhaal;

(c) van sodanige persoon enige koste aangegaan vir die invordering van die agterstallige bedrae verhaal.

REPEALS AND SAVINGS

13. (1) The provisions of these by-laws replace any corresponding provisions of any preceeding regulation, law, by-law or measure applicable in the area of the Village Council.

(2) Nothing contained in these by-laws shall absolve any person from liability for the payment of any moneys or preclude any steps which may by law be taken in consequence of the failure to make such payment.

No. 1986 **6 September 1985**

BY-LAWS RELATING TO THE CONTROL OF SLUMS.—AMENDMENT OF GOVERNMENT NOTICE R. 1253 OF 22 JUNE 1984

I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of Co-operation, Development and Education, do hereby, by virtue of the powers vested in me by section 27 (2A) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), amend regulation 2 (a) of Government Notice R. 1253 of 22 June 1984 by—

(a) the substitution for the expressions "8,5 m^2" and "2,5 m" in paragraph (i) of the expressions "6 m^2" and "2,4 m" respectively; and

(b) the substitution for the expressions "12 m^3" and "6 m^3" in paragraph (ii) of the expressions "9,6 m^3" and "4,8 m^3" respectively.

G. VAN N. VILJOEN,

Minister of Co-operation, Development and Education.

(File A2/17/8/13)

No. 2002 **6 September 1985**

VILLAGE COUNCIL OF WESSELTON.—DETERMINATION OF ADDITIONAL POWERS

I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of Co-operation, Development and Education, do hereby, by virtue of the powers vested in me by section 23 (1) (1) of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), determine that the matters set forth in items 14, 16, 23, 25 and 28 of the Schedule to the said Act shall be matters, in addition to the matters contemplated in paragraph (d) of Government Notice 2113 of 21 September 1984, with regard to which the Village Council of Wesselton is in respect of its area vested and charged with all the rights, powers, functions, duties and obligations which have been conferred upon or assigned to a development board or any local government body in respect of the said area by or under any law.

G. VAN N. VILJOEN,

Minister of Co-operation, Development and Education.

(File A2/17/2/W58)

No. 2003 **6 September 1985**

DISSOLUTION OF CERTAIN COMMUNITY COUNCILS

I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of Co-operation, Development and Education, under and by virtue of the powers vested in me by section 4 of the Black Local Authorities Act, 1982 (Act 102 of 1982), hereby—

(a) dissolve each community council mentioned in the first column of Schedule I as from the date (hereinafter referred to as the dissolution date) of the first ordinary

HERROEPING EN VOORBEHOUDE

13. (1) Die bepalings van hierdie verordeninge vervang alle ooreenstemmende bepalings van 'n vorige regulasies, wet, verordening of maatreël van toepassing in die gebied van die Dorpsbestuur.

(2) Niks in hierdie verordeninge vervat, onthef enige persoon van aanspreeklikheid vir die betaling van enige gelde of verhoed dat stappe kragtens wet gedoen word as gevolg van versuim om sodanige betalings te maak nie.

No. 1986 **6 September 1985**

VERORDENINGE BETREFFENDE DIE VOORKOMING VAN SLUMS.—WYSIGING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING R. 1253 VAN 22 JUNIE 1984

Ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys, wysig hierby, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 27 (2A) van die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982 (Wet 102 van 1982), regulasie 2 (a) van Goewermentskennisgewing R. 1253 van 22 Junie 1984 deur—

(a) die uitdrukkings "8,5 m^2" en "2,5 m" in paragraaf (i) onderskeidelik deur die uitdrukkings "6 m^2" en "2,4 m" te vervang; en

(b) die uitdrukkings "12 m^3" en "6 m^3" in paragraaf (ii) onderskeidelik deur die uitdrukkings "9,6 m^3" en "4,8 m^3" te vervang.

G. VAN N. VILJOEN,

Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys.

(Lêer A2/17/8/13)

No. 2002 **6 September 1985**

DORPSBESTUUR VAN WESSELTON.—BEPALING VAN BYKOMENDE BEVOEGDHEDE

Ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys, bepaal hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 23 (1) (1) van die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982 (Wet 102 van 1982), dat die aangeleenthede in items 14, 16, 23, 25 en 28 van die Bylae van genoemde Wet, benewens die in paragraaf (d) van Goewermentskennisgewing 2113 van 21 September 1984 bedoelde aangeleenthede, aangeleenthede is met betrekking waartoe die Dorpsbestuur van Wesselton ten opsigte van sy gebied beklee en belas is met al die regte, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en verpligtinge wat by of kragtens 'n wet aan 'n ontwikkelingsraad of 'n plaaslike bestuursliggaam ten opsigte van daardie gebied verleen of opgedra is.

G. VAN N. VILJOEN,

Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys.

(Lêer A2/17/2/W58)

No. 2003 **6 September 1985**

ONTBINDING VAN BEPAALDE GEMEENSKAPSRADE

Ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 4 van die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982 (Wet 102 van 1982)—

(a) ontbind hierby elke gemeenskapsraad in die eerste kolom van Bylae I vermeld met ingang van die datum (hierna die ontbindingsdatum genoem) van die eerste

meeting of the local authority mentioned opposite each such community council in the third column of the said Schedule;

(b) declare that anything done under the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), or any other law by or in respect of the said Community Council and which may be done by or in respect of the said Village Council under the Black Local Authorities Act, 1982, or such other law, shall, with effect from the dissolution date, be deemed to have been done by or in respect of that Village Council;

(c) declare that the assets, liabilities, rights and obligations of the said Community Council shall, on the dissolution date devolve upon the said Village Council;

(d) declare that any person who immediately before the dissolution date held an appointment as an employee of the said Community Council shall, on the dissolution date, be appointed by the said Village Council to an appropriate post on its establishment on the conditions and at the remuneration applicable to the said post: Provided that—

(i) the said conditions (including leave, sick leave and pension benefits) and remuneration shall not be less favourable than the conditions and remuneration which applied to him while he was in the service of the said Community Council;

(ii) any leave, sick leave and pension benefit standing to such person's credit on the dissolution date shall remain to his credit on appointment by the said Village Council;

(e) with effect from the said dissolution date repeal or amend the Government Notices mentioned in the second column opposite the community councils mentioned in the first column of Schedule II to the extent set out in the third column thereof.

G. VAN N. VILJOEN,
Minister of Co-operation, Development and Education.

(File A2/17/2/M141)

gewone vergadering van die plaaslike bestuur teenoor sodanige gemeenskapsraad in die derde kolom van genoemde Bylae vermeld;

(b) verklaar hierby dat iets wat kragtens die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), of 'n ander wet deur of ten opsigte van genoemde Gemeenskapsraad gedoen is en wat deur of ten opsigte van genoemde Dorpsbestuur kragtens die Wet op Swart Plaaslike Besture, 1982, of sodanige ander wet gedoen kan word, met ingang van die ontbindingsdatum geag word deur of ten opsigte van daardie Dorpsbestuur gedoen te wees;

(c) verklaar hierby dat die bates, laste, regte en verpligtinge van genoemde Gemeenskapsraad op die ontbindingsdatum op genoemde Dorpsbestuur oorgaan;

(d) verklaar hierby dat iemand wat onmiddellik voor die ontbindingsdatum 'n betrekking as 'n werknemer van genoemde Gemeenskapsraad beklee het, op die ontbindingsdatum deur genoemde Dorpsbestuur in 'n geskikte pos op sy diensstaat aangestel moet word behoudens die voorwaardes en teen die besoldiging van toepassing op die betrokke pos: Met dien verstande dat—

(i) genoemde voorwaardes (waarby ingesluit is verlof, siekteverlof en pensioenvoordele) en besoldiging nie minder gunstig mag wees nie as die voorwaardes en besoldiging wat op hom van toepassing was in die diens van genoemde Gemeenskapsraad;

(ii) enige verlof, siekteverlof en pensioenvoordele tot so iemand se krediet op die ontbindingsdatum tot sy krediet moet bly by aanstelling deur genoemde Dorpsbestuur;

(e) herroep of wysig hierby, met ingang van genoemde ontbindingsdatum, die Goewermentskennisgewings in die tweede kolom vermeld teenoor die gemeenskapsrade in die eerste kolom van Bylae II vermeld, in die mate in die derde kolom daarvan aangedui.

G. VAN N. VILJOEN,
Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys.

(Lêer A2/17/2/M141)

SCHEDULE I

Community Council	Established by Government Notice	Local Authority	Established by Government Notice
Ladybrand	R. 2488 of 1979	Manyatseng	No. 1175 of 1985.
Wepener	R. 2055 of 1980	Qibing	No. 1545 of 1985.

SCHEDULE II

Community Council	Government Notice	Extent of repeal or amendment
Ladybrand	R. 2488 of 1979	The repeal of the whole.
Wepener	R. 2055 of 1980	The repeal of the whole.

BYLAE I

Gemeenskapsraad	Ingestel by Goewermentskennisgewing	Plaaslike Bestuur	Ingestel by Goewermentskennisgewing
Ladybrand	R. 2488 van 1979	Manyatseng	No. 1175 van 1985.
Wepener	R. 2055 van 1980	Qibing	No. 1545 van 1985.

BYLAE II

Gemeenskapsraad	Goewermentskennisgewing	In hoeverre herroep of gewysig
Ladybrand	R. 2488 van 1979	Die herroeping van die geheel.
Wepener	R. 2055 van 1980	Die herroeping van die geheel.

No. 2004 **6 September 1985**

REGULATIONS RELATING TO THE CONTROL OVER THE KEEPING OF DOGS WITHIN THE AREA OF JURISDICTION OF THE COMMUNITY COUNCIL OF CERES

I, Samuel Johannes de Beer, Deputy Minister of Education and Co-operation, on behalf of and by direction of the Minister of Co-operation, Development and Education, by virtue of the powers vested in him by section 11 (1) (fA) of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), do hereby, after consultation with the development board and community council concerned, determine that the regulations relating to the control over the keeping of dogs within the area of jurisdiction of the Community Council of Sobantu published in Government Notice R. 2352 of 5 November 1982 shall apply also to the community council mentioned in Schedule I hereto: Provided that any reference in the said regulations to "Sobantu" shall be construed as a reference to the relevant community council to which they have been thus applied: Provided further that the tariffs contained in regulation 6 of the said regulations shall be substituted by the tariffs mentioned in Schedule II hereto.

S. J. DE BEER,
Deputy Minister of Education and Co-operation.

(File A2/14/4/C.20)

SCHEDULE I

Community Council.—Ceres.

Government Notice by which established.—R. 370.

Date of notice.—25/2/1983.

SCHEDULE II

Regulation.—6 (a), 6 (c), 6 (d).

Tariff.—R5, R15, R30.

No. 2004 **6 September 1985**

REGULASIES BETREFFENDE DIE BEHEER OOR DIE AANHOU VAN HONDE BINNE DIE REGSGEBIED VAN DIE GEMEENSKAPSRAAD VAN CERES

Ek, Samuel Johannes de Beer, Adjunk-minister van Onderwys en Samewerking, namens en in opdrag van die Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys, bepaal hierby kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 11 (1) (fA) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), na oorlegpleging met die betrokke ontwikkelingsraad en gemeenskapsraad, dat die regulasies betreffende die beheer oor die aanhou van honde binne die regsgebied van die Gemeenskapsraad van Sobantu afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2352 van 5 November 1982 ook van toepassing is op die gemeenskapsraad in Bylae I hiervan vermeld: Met dien verstande dat enige verwysing in bedoelde regulasies na "Sobantu" uitgelê word as 'n verwysing na die betrokke gemeenskapsraad waarop die regulasies aldus van toepassing gemaak is: Met dien verstande voorts dat die tariewe vervat in regulasie 6 van bedoelde regulasies vervang moet word deur die tariewe vermeld in Bylae II hiervan.

S. J. DE BEER,
Adjunk-minister van Onderwys en Samewerking.

(Lêer A2/14/4/C.20)

BYLAE I

Gemeenskapsraad.—Ceres.

Goewermentskennisgewing waarkragtens ingestel.—R. 370.

Datum van kennisgewing.—25/2/1983.

BYLAE II

Regulasie.—6 (a), 6 (c), 6 (d).

Tarief.—R5, R15, R30.

No. 2005 **6 September 1985**

REGULATIONS GOVERNING COMMUNITY GUARDS

I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of Co-operation, Development and Education, do hereby, under and by virtue of the powers vested in me by section 8 (2) of the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977), and after consultation with the Minister of Police, determine that the constitution, control and management of a community guard and the appointment, powers, functions, duties and discipline of members thereof, shall be as prescribed in the Schedule hereto.

G. VAN N. VILJOEN,
Minister of Co-operation, Development and Education.

(File A2/14/5)

SCHEDULE

Definitions

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

"Chief Commissioner" shall mean the Chief Commissioner appointed in terms of section 2 (1) of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), having jurisdiction within the area for which a community council has been established and shall include any officer on the permanent establishment of the Department of Co-operation and Development designated by him for the purpose of these regulations;

No. 2005 **6 September 1985**

REGULASIES BETREFFENDE GEMEENSKAPSWAGTE

Ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys, bepaal hierby kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 8 (2) van die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977), en na oorlegpleging met die Minister van Polisie, dat die samestelling, beheer en bestuur van 'n gemeenskapswag en die aanstelling, bevoegdhede, werksaamhede, pligte en dissipline van die lede daarvan is soos voorgeskryf in die Bylae hiervan.

G. VAN N. VILJOEN,
Minister van Samewerking, Ontwikkeling en Onderwys.

(Lêer A2/14/5)

BYLAE

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"bevelvoerende offisier" die bevelvoerende offisier van die Suid-Afrikaanse Polisie in die betrokke gebied, insluitende enige ander lid van die Suid-Afrikaanse Polisie aangewys as sodanig vir die doel van hierdie regulasies;

"die Wet" die Wet op Gemeenskapsrade, 1977 (Wet 125 van 1977);

"gemeenskapsraad" 'n gemeenskapsraad ingestel kragtens artikel 2 (1) van die Wet;

"commanding officer" shall mean the commanding officer of the South African Police in the area concerned, including any other member of the South African Police designated as such for the purpose of these regulations;

"committee" shall mean a committee referred to in regulation 3 (1);

"community council" shall mean a community council established under section 2 (1) of the Act;

"community guard" shall mean a community guard established under section 8 (1) of the Act for the area of a community council;

"member" shall mean any member of a community guard;

"the Act" shall mean the Community Councils Act, 1977 (Act 125 of 1977);

and any other word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall have a similar meaning.

Composition

2. A community guard shall consist of such number of members as the Minister may determine in consultation with the committee concerned.

Control and management

3. (1) Subject to the provisions of these regulations, the control and management of a community guard shall vest in a committee consisting of—

(a) a maximum of three persons nominated for such purpose by the community council concerned from among its members;

(b) the Chief Commissioner;

(c) the commanding officer; and

(d) a person in the service of the development board established for the area concerned in terms of section 3 of the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984), and nominated by such development board.

(2) The Chief Commissioner may, if, on the grounds of information obtained, he is satisfied that it is in the public interest, at any time and without prior notice order that the community council shall discontinue all or particular community guard functions in its area for a period determined by him but not exceeding a continuous period of two months.

(3) Whenever the Chief Commissioner has made any order in accordance with subregulation (2), he shall forthwith furnish the Minister with a full report on the circumstances which gave rise to such order.

(4) The Minister, upon consideration of such report and of the information obtained through such further inquiry as he may require, may authorise the community council to resume, on such conditions as he may determine, the functions which were discontinued, or may direct from time to time that the order of the Chief Commissioner referred to in subregulation (2), be extended for a period determined by the Minister but not exceeding a continuous period of six months.

(5) (a) Such committee shall meet under the chairmanship of the Chief Commissioner, and in his absence from a meeting the members present shall elect one from their number to preside at such meeting.

(b) The procedure at or in connection with meetings of such committee shall be as predetermined by such committee.

(c) Three members of such committee shall form a quorum for any meeting of such committee: Provided that there shall be no quorum unless a person referred to in subregulation (1) (b), (c) or (d) is present.

"gemeenskapswag" 'n gemeenskapswag kragtens artikel 8 (1) van die Wet ingestel vir die gebied van 'n gemeenskapsraad;

"Hoofkommissaris" die Hoofkommissaris kragtens artikel 2 (1) van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), aangestel met regsbevoegdheid binne die regsgebied waarvoor 'n gemeenskapsraad ingestel is, insluitende enige beampte op die vaste diensstaat van die Departement van Samewerking en Ontwikkeling deur hom vir die doel van hierdie regulasies aangewys;

"komitee" 'n komitee bedoel in regulasie 3 (1);

"lid" 'n lid van 'n gemeenskapswag,

en het enige ander woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, 'n derglike betekenis.

Samestelling

2. 'n Gemeenskapswag bestaan uit soveel lede as wat die Minister in oorleg met die betrokke komitee bepaal.

Beheer en bestuur

3. (1) Behoudens die bepalings van hierdie regulasies, berus die beheer en bestuur van 'n gemeenskapswag by 'n komitee bestaande uit—

(a) 'n maksimum van drie persone deur die betrokke gemeenskapsraad uit eie geledere vir dié doel benoem;

(b) die Hoofkommissaris;

(c) die bevelvoerende offisier; en

(d) 'n persoon in diens van die ontwikkelingsraad ingestel vir die betrokke gebied kragtens artikel 3 van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984), en benoem deur sodanig ontwikkelingsraad.

(2) Die Hoofkommissaris kan, as hy, op grond van inligting verkry, oortuig is dat dit in die openbare belang is, te eniger tyd en sonde voorafgaande kennisgewing gelas dat die gemeenskapsraad alle of bepaalde gemeenskapswagfunksies in sy gebied staak vir 'n tydperk wat hy bepaal maar wat nie 'n aaneenlopende tydperk van twee maande te bowe gaan nie.

(3) Wanneer die Hoofkommissaris 'n bevel ooreenkomstig subregulasie (2) uitgereik het, moet hy onverwyld 'n volledige verslag aangaande die omstandighede wat aanleiding tot sodanige bevel gegee het, aan die Minister verstrek.

(4) Die Minister kan na oorweging van sodanige verslag en van die inligting verkry deur sodanige verdere ondersoek as wat hy verlang, die gemeenskapsraad magtig om die funksies wat gestaak is, te hervat op sodanige voorwaardes as wat hy bepaal, of van tyd tot tyd gelas dat die bevel van die Hoofkommissaris in subregulasie (2) bedoel, verleng word vir 'n tydperk wat die Minister bepaal maar wat nie aaneenlopende tydperk van ses maande te bowe gaan nie.

(5) (a) Sodanige komitee vergader onder die voorsitterskap van die Hoofkommissaris, en in sy afwesigheid van 'n vergadering kies die aanwesige lede een uit eie geledere om op sodanige vergadering voor te sit.

(b) Die prosedure op of in verband met vergaderings van sodanige komitee word vooraf deur sodanige komitee bepaal.

(c) Drie komiteelede maak 'n kworum vir 'n vergadering van sodanige komitee uit: Met dien verstande dat daar nie 'n kworum is nie tensy 'n persoon in subregulasie (1) (b), (c) of (d) bedoel, teenwoordig is.

(d) A decision of a majority of the members of such committee present at any meeting thereof shall be a decision of such committee and, in the event of an equality of votes on any matter before a meeting of such committee, the chairman shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

Appointment and emoluments of members

4. (1) No person shall be appointed a member unless—

(a) he is, in the opinion of the committee, of sound character;

(b) he is, in the opinion of the committee, mentally and physically fit for such appointment;

(c) he agrees to such identification and security clearance as may be required and prescribed by the committee; and

(d) he has taken an oath or made a solemn declaration in the form of Annexure A before a commissioner of oaths.

(2) The chairman of the committee shall issue to each member appointed in terms of these regulations a certificate of appointment, which shall be substantially in the form of Annexure B, and to which a photograph of such member shall be affixed, and such certificate shall forthwith be returned to a member of the committee by such member in the event of the latter's suspension from office or on the termination of his services.

(3) Every certificate of appointment shall be submitted to the commanding officer, for his notation and endorsement, before it is handed to the member concerned.

(4) Every member shall have his certificate of appointment ready to hand whenever he is on duty and produce it to any person requiring it of him in the course of the exercise of such member's powers or the performance of his functions or duties in terms of the Act or these regulations.

(5) Every appointment of a member made in terms of these regulations shall be subject to a probationary period of six months and, on the expiry of his probationary period, a member may be appointed permanently by the committee.

(6) Every member shall be subject to the provisions of any regulations of the community council concerned with regard to the regulation of the conditions of employment, tenure of office, discipline, retirement, dismissal and discharge of staff members and matters incidental thereto, where and to the extent that such regulations are not inconsistent with the provisions of these regulations.

(7) Subject to the provisions of regulation 2, the committee may appoint such number of members on a full-time basis as it may from time to time determine.

(8) The emoluments or allowances payable to a member for the exercise of his powers and the performance of his functions and duties shall be as determined by the Minister from time to time.

(9) Any member contravening the provisions of subregulation (2) or (4) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R100 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding three months.

Ranks, promotions and badges

5. (1) The ranks in any community guard shall be determined by the Minister.

(2) The promotion of members shall take place in the discretion of the committee, which shall lay down the requirements to be complied with by each member before he becomes eligible for promotion: Provided that such requirements shall be not inconsistent with these regulations.

(d) 'n Besluit van 'n meerderheid van die aanwesige komiteelede op 'n vergadering van sodanige komitee maak 'n besluit van sodanige komitee uit, en by 'n staking van stemme oor enige aangeleentheid voor 'n vergadering van sodanige komitee het die voorsitter benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem.

Aanstelling en besoldiging van lede

4. (1) Niemand word as 'n lid aangestel nie tensy—

(a) hy na die mening van die komitee van goeie karakter is;

(b) hy na die mening van die komitee geestelik en liggaamlik geskik is vir die sodanige aanstelling;

(c) hy instem tot sodanige indentifikasie- en sekuriteitsklaring as wat die komitee vereis en voorskryf; en

(d) hy 'n eed of plegtige verklaring in die vorm van Aanhangsel A voor 'n kommissaris van ede afgelê het.

(2) Aan elke lid wat ingevolge hierdie regulasies aangestel word, reik die voorsitter van die komitee 'n aanstellingsertifikaat uit wat wesentlik in die vorm van Aanhangsel B is en waarop 'n foto van sodanige lid aangebring is, en sodanige sertifikaat moet onverwyld deur sodanige lid aan 'n komiteelid terugbesorg word indien sodanige lid in sy amp geskors word of by beëindiging van sy diens.

(3) Elke aanstellingsertifikaat moet voor oorhandiging aan die betrokke lid aan die bevelvoerende offisier vir aantekening en endossering voorgelê word.

(4) Elke lid moet sy aanstellingsertifikaat byderhand hê wanneer hy op diens is en dit toon aan enige persoon wat dit van hom vereis in die loop van die uitoefening van sodanige lid se bevoegdhede, die verrigting van sy werksaamhede of die uitvoering van sy pligte ingevolge die Wet of hierdie regulasies.

(5) Elke aanstelling van 'n lid wat ingevolge hierdie regulasies gedoen word, is onderworpe aan 'n proeftyd van ses maande en na verstryking van sy proeftyd kan 'n lid deur die komitee permanent aangestel word.

(6) Elke lid is onderworpe aan die bepalings van alle regulasies van die betrokke gemeenskapsraad met betrekking tot die reëling van diensvoorwaardes, deinstermyn, dissipline, aftreding, afdanking en ontslag van personeellede en daarmee samehangende aangeleenthede, waar en in die mate wat sodanige regulasies nie onbestaanbaar is met die bepalings van hierdie regulasies nie.

(7) Behoudens die bepalings van regulasie 2, kan die komitee soveel lede as wat hy van tyd tot tyd bepaal, op 'n voltydse basis aanstel.

(8) Die besoldiging of toelaes wat aan 'n lid betaalbaar is vir die uitoefening van sy bevoegdhede, die verrigtig van sy werksaamhede en die uitvoering van sy pligte, is soos van tyd tot tyd deur die Minister bepaal.

(9) 'n Lid wat die bepalings van subregulasie (2) of (4) oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 of, by wanbetaling, met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens drie maande.

Range, bevorderings en kentekens

5. (1) Die range in 'n gemeenskapswag word deur die Minister bepaal.

(2) Die bevordering van lede geskied na goeddunke van die komitee, wat die vereistes moet stel waaraan elke lid moet voldoen alvorens vir die bevordering in aanmerking kom: Met dien verstande dat sodanige vereistes nie onbestaanbaar met hierdie regulasies mag wees nie.

(3) The badge of members shall be as defined in Annexure C.

(4) The badges of rank of members shall be as determined by the Minister.

Powers, functions and duties

6. (1) The functions of any member shall be performed in the area of jurisdiction of the community council for which he has been appointed and shall comprise—

(a) the preservation of the safety of the inhabitants;

(b) the maintenance of law and order;

(c) the prevention of crime; and

(d) the performance of the functions of a messenger according to Black law in respect of the exercise of the judicial power of a person in whom such power has been vested under section 21A of the Black Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927),

and in the performance of the said functions every member shall exercise such powers and perform such functions and duties as the committee may order in respect of such member or of all members or of members of a specific rank.

(2) Every member shall, in the exercise of his powers and the performance of his functions and duties under these regulations, have the same powers as are, in terms of—

(a) sections 29 (1) and (11) and 43*bis* of the Blacks (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act 25 of 1945); and

(b) any regulation made or deemed to have been made under section 66 of the Black Communities Development Act, 1984 (Act 4 of 1984),

vested in an authorised officer in respect of the matters referred to therein.

(3) (a) No person shall—

(i) resist or wilfully obstruct, hinder or interfere with a member in the exercise of his powers or the performance of his functions or duties under these regulations; or

(ii) in order to compel a member to do or to abstain from doing any act in respect of the exercise of his powers or the performance of his functions or duties, or on account of such member having done or abstained from doing such act—

(aa) use violence or coercion or threaten or suggest the use thereof or create the impression that violence or coercion may be used;

(bb) use violence or coercion upon such member or any of his relatives or dependants or threaten or suggest such use thereof or create the impression that violence or coercion may be so used;

(cc) inflict or threaten or suggest any injury upon or to the property of such member or of any of his relatives or dependants or create the impression that injury may be inflicted upon such property.

(b) Any person contravening the provisions of paragraph (a) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R200 or, in default of payment, to imprisonment for a period not exceeding six months.

(4) Every member shall, in the exercise of his powers and the performance of his functions and duties, obey and lawful order of his superior in rank.

(3) Die kenteken van lede is soos in Aanhangsel C omskryf.

(4) Die rangtekens van lede is soos deur die Minister bepaal.

Bevoegdhede, werksaamhede en pligte

6. (1) Die werksaamhede van 'n lid word verrig in die regsgebied van die gemeenskapsraad waarvoor hy aangestel is en behels—

(a) die bewaring van die veiligheid van die inwoners;

(b) die handhawing van reg en orde;

(c) die voorkoming van misdaad; en

(d) die verrigting van die werksaamhede van 'n bode ooreenkomstig Swart reg ten opsigte van die uitoefening van die regsprekende bevoegdheid van 'n persoon aan wie sodanige bevoegdheid kragtens artikel 21A van die Swart Administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), verleen is,

en by die verrigting van genoemde werksaamhede, oefen elke lid sodanige bevoegdhede uit, verrig hy sodanige werksaamhede en voer hy sodanige pligte uit as wat die komitee gelas ten opsigte van sodanige lid of van alle lede of van lede van 'n spesifieke rang.

(2) Elke lid het by die uitoefening van sy bevoegdhede, die verrigting van sy werksaamhede en die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie regulasies dieselfde boevoegdhede as wat kragtens—

(a) artikels 29 (1) en (11) en 43*bis* van die Swartes (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet 25 van 1945); en

(b) enige regulasie uitgevaardig of geag uitgevaardig te wees kragtens artikel 66 van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet 4 van 1984),

van 'n gemagtigde beampte verleen word met betrekking tot die aangeleenthede daarin vermeld.

(3) (a) Niemand mag—

(i) 'n lid by die uitoefening van sy bevoegdhede, die verrigting van sy werksaamhede of die uitvoering van sy pligte ingevolge hierdie regulasies, weerstaan of opsetlik belemmer, hinder of lastig val nie; of

(ii) ten einde 'n lid te dwing om 'n handeling met betrekking tot die uitoefening van sy bevoegdhede, die verrigting van sy werksaamhede of die uitvoering van sy pligte te verrig of na te laat om dit te verrig, of omdat sodanige lid sodanige handeling verrig het of nagelaat het om dit te verrig—

(aa) geweld of dwang gebruik, dreig om geweld of dwang te gebruik, die gebruik daarvan voorstel of die indruk skep dat geweld of dwang gebruik kan word nie;

